



Keep them reading!

Getting young children into the habit of reading is sometimes easier than keeping them reading as they get older! So, what can you do to make sure that your children keep reading throughout their childhood and into their teenage years? Here are some ideas.

WHAT?

- ★ If you have been sharing books with your children since they were babies, then often by the age of 9, they like certain types of books. Some children like stories about characters in real-life situations; others like fantasy. Some children like adventure stories; others like science fiction. It is completely natural to decide that you prefer reading a particular type of book. In fact, it's part of becoming a more mature reader. So, don't worry if your children only want to read one or two types of books!
- ★ Remember to share different types of reading material with your children, such as magazine articles, poems, newspaper articles as well as interesting material on the internet.

WAT?

- ★ As jy reeds van hul babadae af boeke met jou kinders deel, sal hulle gewoonlik van sekere soorte boeke hou teen die tyd dat hulle 9 jaar oud is. Sommige kinders hou van stories oor karakters in die werklike lewe; ander hou van fantasie. Sommige kinders hou van avontuurverhale; ander hou van wetenskapfiksie. Dit is heeltemal natuurlik om te besluit dat jy 'n spesifieke soort boek verkies. Trouens, dit is deel daarvan om 'n meer volwasse leser te word. Moet dus nie bekommerd wees as jou kinders slegs een of twee soorte boeke wil lees nie!
- ★ Onthou om verskillende soorte leesmateriaal met jou kinders te deel, soos tydskrifartikels, gedigte, koerantberigte en ook ander interessante materiaal op die internet.

HOW?

- ★ Spend some time each day reading to your children – even if they are good readers themselves. Choose books that are slightly more difficult than the ones that they are able to read on their own.
- ★ Choose a book to read together and take turns reading two or three chapters to each other every day until it is finished.

HOE?

- ★ Maak elke dag tyd om vir jou kinders te lees – selfs al is hulle reeds goeie lesers. Kies boeke wat effens moeiliker is as dié wat hulle self kan lees.
- ★ Kies 'n boek om saam te lees en maak dan beurte om elke dag twee of drie hoofstukke vir mekaar te lees totdat julle dit klaar gelees het.

Hou hulle aan die lees!

Om jong kinders in die gewoonte te kry om te lees, is soms makliker as om hulle aan die lees te hou namate hulle ouer word! Wat kan jy doen om te verseker dat jou kinders deur hul kinderjare en tot in hul tienerjare aanhou lees? Hier volg 'n paar idees.



We will be taking a break until the **week of 19 July 2019**. Join us then for more Nal'ibali reading magic!

Ons neem 'n blaaskans tot die **week van 19 Julie 2019**. Sluit dan weer by ons aan vir nog Nal'ibali-leesplesier!

How to encourage readers

- If your children are aged 9 or older, and they are not yet able to read independently, try choosing picture books to read to them to start with. Books with traditional stories often have illustrations in them which make them suitable for late-starters or children who find reading difficult. Once you are used to reading together regularly, introduce short chapter books. These often have simple plots.
- Some teenagers can't get enough of books and always seem to have their nose in a book, while others often go through phases of hardly reading at all. Encourage less-regular readers by buying magazines for them, leaving a newspaper lying around, suggesting they visit websites with interesting content, and visiting the library or popping into a bookshop when they just happen to be with you!
- If you have friends with children of the same age as your children, then find out what their children are reading and suggest these books to your children.

Hoe om lesers aan te moedig

- As jou kinders 9 jaar en ouer is, en nog nie onafhanklik kan lees nie, begin deur prenteboeke te kies om vir hulle te lees. Boeke met tradisionele stories bevat dikwels illustrasies wat dit geskik maak vir lesers wat laat begin lees, of vir kinders wat sukkel om te lees. Sodra julle gewoond is daaraan om gereeld saam te lees, stel kort boeke met hoofstukke bekend. Hierdie boeke het dikwels eenvoudige storielyne.
- Sommige tieners kan nie genoeg van boeke kry nie, en lyk of hulle altyd met hul neus in 'n boek is, terwyl ander dikwels deur fases gaan waar hulle skaars enigiets lees. Moedig lesers wat minder gereeld lees aan deur vir hulle tydskrifte te koop, 'n koerant te laat rondlê, voor te stel dat hulle webwerwe met interessante inhoud besoek, en deur biblioteek toe te gaan of by 'n boekwinkel in te stap wanneer hulle by jou is!
- As jy vriende met kinders van dieselfde ouderdom het, vind uit wat hulle kinders lees en stel voor dat jou kinders hierdie boeke lees.



Drive your
imagination



IT STARTS WITH
A STORY.
DIT BEGIN MET
'N STORIE.


Celebrate Africa Day!

Africa Day is celebrated on 25 May each year. It is the day on which we celebrate the start of the Organisation of African Unity (OAU) in 1963, as well as the freedom fought for by African countries. The OAU was replaced by the African Union (AU) in 2001. The African Union works to bring unity and peace to Africa.

Africa Day is a public holiday in only five African countries: Ghana, Mali, Namibia, Zambia and Zimbabwe. But, it is celebrated all over Africa, as well as by Africans living in other parts of the world!

Here are some ideas of how you can celebrate Africa Day.

- ★ Enjoy our special Africa Day focus in the story, *Auntie Boi's gift* (pages 7 to 10), and in "Nal'ibali fun" on page 16.
- ★ Sing songs and say rhymes in as many African languages as you know.
- ★ Tell or read a traditional African story.
- ★ Encourage your children to make a "Children of Africa" poster with their friends. They will need a large sheet of paper or cardboard, smaller pieces of paper or photographs, glue, scissors, kokis and/or pencil crayons. Let them start by finding photographs of themselves or drawing pictures of themselves on small pieces of paper. Next, they should arrange the photographs or pictures on a large sheet of paper so that there is space to write under or next to each photograph/picture. After they have pasted down the pictures or photographs, let them take turns writing a few interesting facts about each other.
- ★ We are all Africans and together our memories create the story of Africa! Make your own memory cards to capture your stories. You will need pieces of cardboard that are about the size of a quarter of an A4 page, sheets of paper the same size, pencil crayons or crayons, scissors and glue. Start by spending some quiet time in which you each think of a memory that is special and important to you. Now think about six to eight moments in that memory that will help you tell the story of that memory. Draw a picture on a sheet of paper for each of these moments. Paste the pictures on the cardboard to create memory cards. Let everyone have a turn to show their memory cards one at a time as they tell the story of their memory.



8. Sahara, 9. Olfant, 10. 800, 11. Suid-Afrika, 12. Victoria-waterval, 13. Ethiopie, 14. Kameelpard, 15. Mali
Antwoorde vir bingo-aktiwiteit (bladsy 16): 1. 55, 2. Algerie, 3. Nigérie, 4. Ongeveer 2 000, 5. Kilimanjaro, 6. Nyl, 7. Suid-Soedan,
 9. Elefant, 10. 800, 11. South Africa, 12. Victoria Falls, 13. Ethiopia, 14. Giraffe, 15. Mali
Answers to bingo activity (page 16): 1. 55, 2. Algeria, 3. Nigeria, 4. About 2 000, 5. Kilimanjaro, 6. Nile, 7. South Sudan, 8. Sahara,

Kom ons vier Afrika-dag!

Afrika-dag word elke jaar op 25 Mei gevier. Dit is die dag waarop ons die ontstaan van die Organisasie vir Afrika-Eenheid (OAE) in 1963 vier, asook die vryheid waarvoor Afrika-lande moes veg. Die OAE is in 2001 deur die Afrika-Unie (AU) vervang. Die Afrika-Unie se taak is om eenheid en vrede in Afrika te bewerkstellig.

Afrika-dag is slegs in vyf Afrika-lande 'n openbare vakansiedag: Ghana, Mali, Namibië, Zambië en Zimbabwe. Maar dit word oral in Afrika gevier, en ook deur Afrikane wat in ander dele van die wêreld woon!

Hier volg 'n paar idees om Afrika-dag te vier.

- ★ Geniet ons spesiale fokus op Afrika-dag in die storie, *Tannie Boi se geskenk* (bladsye 7 tot 10), en in "Nal'ibali-pret" op bladsy 16.
- ★ Sing liedjies en sê rympies op in soveel Afrika-tale as wat julle ken.
- ★ Vertel of lees 'n tradisionele Afrika-storie.
- ★ Moedig jou kinders aan om 'n "Kinders van Afrika"-plakkaat saam met hul maats te maak. Hulle sal 'n groot vel papier of karton, kleiner stukkie papier of foto's, gom, skêre, kokipenne en/of potloodkryte nodig hê. Laat hulle begin deur foto's van hulself te vind of prente van hulself op klein stukkie papier te teken. Daarna moet hulle die foto's of prente op 'n groot vel papier rangskik sodat daar plek is om onder of langs elke foto/prent te skryf. Nadat hulle die prente of foto's vasgeplak het, kan hulle beurte maak om 'n paar interessante feite oor mekaar te skryf.
- ★ Ons is almal Afrikane en saam skep ons herinneringe die storie van Afrika! Maak jou eie herinneringskaarte om jou stories vas te vang. Jy sal stukke karton nodig hê wat omtrent so groot is soos 'n kwart van 'n A4-bladsy, velle papier van dieselfde grootte, potloodkryte of vetkryte, skêre en gom. Begin deur stil te raak en elkeen aan 'n herinnering te dink wat vir jou spesiaal en belangrik is. Dink nou aan ses tot agt oomblikke in daardie herinnering wat jou sal help om die storie van daardie herinnering te vertel. Teken 'n prent op 'n vel papier vir elkeen van hierdie oomblikke. Plak die prente op die karton vas om herinneringskaarte te maak. Laat almal 'n kans kry om hul herinneringskaarte een-een te wys terwyl hulle die storie van hul herinnering vertel.

WIN!
WEN!



For a chance to win some Book Dash books, write a review of the story, *Auntie Boi's gift* (pages 7 to 10), and email it to team@bookdash.org, or take a photo and tweet us at [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). Remember to include your full name, age and contact details.

Vir 'n kans om boeke van Book Dash te wen, skryf 'n resensie van die storie, *Tannie Boi se geskenk* (bladsye 7 tot 10), en stuur dit per e-pos aan team@bookdash.org, of neem 'n foto en stuur vir ons 'n twiet by [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). Onthou om jou volle naam, ouderdom en kontakbesonderhede in te sluit.



Drive your
 imagination

Dear Na'ibali

I have two sons aged four and seven years. Both of them spend a lot of time "writing". The eldest one makes lots of spelling mistakes when he writes. The youngest one just scribbles and then says, "Look what I wrote." I am not sure whether I should be correcting them and showing them how to spell and write properly.

Luleka Mduna, Motherwell

Dear Luleka

It's so wonderful to hear that your children choose to spend time writing! Motivation is a key part of learning to do something well, so keep encouraging them. You can do this by talking to them, reading to them and by showing an interest in what they have written. Talking to children and reading aloud to them provides them with language they can use in their writing. When you read your children's writing and ask them about it, you show them that you think it is important. If you are not quite sure what they have written, you can say, "Tell me about your writing." Or say, "Tell me about what you have written here."

When children start to write, all of them start by scribbling and saying it is writing. When children are a bit older, they often use the letters of the alphabet to make up the sounds in words they know, but are not able to spell correctly yet. Learning to write – just like learning to read – happens over time. It's a journey – and your children sound like they are well on their way already. Enjoy the journey together!

The Na'ibali Team



Beste Na'ibali

Ek het twee seuns van vier en sewe jaar. Albei van hulle "skryf" dikwels. Die oudste een maak baie spelfoute wanneer hy skryf. Die jongste een krabbel net en sê dan, "Kyk wat het ek geskryf." Ek is nie seker of ek hulle moet korreger en moet wys hoe om reg te spel en te skryf nie.

Luleka Mduna, Motherwell

Beste Luleka

Dis so wonderlik om te hoor dat jou kinders kies om tyd te maak om te skryf! Motivering is 'n belangrike deel van leer hoe om iets goed te doen, so hou aan om hulle aan te moedig. Jy kan dit doen deur met hulle te praat, vir hulle te lees en belangstelling te toon in dit wat hulle geskryf het. Deur met jou kinders te praat en hardop vir hulle te lees, gee jy vir hulle taal wat hulle in hul skryfwerk kan gebruik. Wanneer jy jou kinders se skryfwerk lees en hulle daaroor uitvra, wys jy vir hulle dat jy dink dit is belangrik. As jy nie heeltemal seker is wat hulle geskryf het nie, kan jy sê: "Vertel vir my van jou skryfwerk." Of sê: "Vertel vir my van dit wat jy hier geskryf het."

Wanneer kinders begin skryf, begin almal van hulle deur te krabbel en te sê hulle het geskryf. Wanneer kinders 'n bietjie ouer is, gebruik hulle dikwels die letters van die alfabet om die klanke in woorde wat hulle ken, te maak, maar hulle kan nog nie reg spel nie. Om te leer skryf – net soos om te leer lees – gebeur met tyd. Dit is 'n reis – en jou kinders klink of hulle reeds goed op pad is. Geniet die reis saam!

Die Na'ibali-span



Dear Na'ibali ... Beste Na'ibali ...

WRITE TO US! SKRYF AAN ONS!

The Na'ibali Supplement
The Na'ibali Trust
Suite 17-201, Building 17
Waverley Business Park
Wyecroft Road
Mowbray
7700
info@nalibali.org



Dear Na'ibali

What can I do now to make sure that my two-year-old daughter will learn to read?

Seshni Reddy, Durban

Dear Seshni

The easiest way to invest in your daughter's reading future is to read to her regularly. Reading aloud to young children shows them that you think reading is important. It also lets them enjoy stories and books, and this motivates them to learn to read for themselves later on. When we read aloud to children, we show them how we read and how books work. At the same time, we also develop their vocabulary and language. So, all you have to do is read to your daughter every day – it's that simple!

The Na'ibali Team



Beste Na'ibali

Wat kan ek nou doen om seker te maak my tweejarige dogter sal leer lees?

Seshni Reddy, Durban

Beste Seshni

Die maklikste manier om in jou dogter se leestoekoms te belê, is om gereeld vir haar te lees. Om vir jong kinders hardop te lees wys vir hulle dat jy dink lees is belangrik. Dit gee hulle die geleentheid om stories en boeke te geniet, en motiveer hulle om self later te leer lees. Wanneer ons hardop vir kinders lees, wys ons vir hulle hoe ons lees en hoe boeke werk. Terselfdertyd brei ons ook hul woordeskat en taal uit. Al wat jy dus hoef te doen, is om elke dag vir jou dogter te lees – dis so eenvoudig!

Die Na'ibali-span



Your story

We love getting stories that you have written!

Here is the story of Janga, which was written by Die Sterlopers Reading Club in Sutherland.

Helanne Malan, who is the leader of this reading club, had read the story, *Smerige dassie*, (*Dirty dassie*) from Edition 146 of the Nal'ibali Supplement to the children at her club. After this she did some of the story activities from the "Get story active!" page and then she gave the children a chance to create a story of their own. Helanne let them choose between a funny story or a horror story, and the children (all from Grade R and Grade 1) chose a horror story. They told the story in Afrikaans while Helanne wrote it down for them.

Here is their story in Afrikaans as well as a translation of it into English.

Die spook van Sutherland

Deur Die Sterlopers-leesgroep

Daar was 'n spook genaamd Janga wat in die bosse om Sutherland gebly het. Hy het snags kinders bang gemaak en bedags het hy in die bosse buite die dorp gelê en slaap.

Hy het die mense, veral die kinders, van Sutherland baie bang gemaak. Veral as dit lekker warm buite was, het die kinders 'n bietjie later buite gespeel en dan het Janga toegeslaan.

Hy het die kinders weggesleep na sy bos, gebrui en geëet.

Die kinders het 'n plan beraam om Janga te vang.

Hulle het hom een aand voorgelê en gevang.

Die kinders het sy kop en arms afgekap, sy derms gebrui en saam met eiers geëet.

Jou storie

Ons hou baie daarvan om stories te ontvang wat julle geskryf het!

Hier is die storie van Janga, wat deur Die Sterlopers-leesgroep in Sutherland geskryf is.

Helanne Malan, wat die leier van hierdie leesklub is, het die storie, *Smerige dassie*, in Uitgawe 146 van die Nal'ibali-bylae vir die kinders by haar klub gelees. Daarna het sy van die storie-aktiwiteite op die "Raak doenig met stories!"-bladsy gedoen en vir die kinders 'n kans gegee om hul eie storie te skryf. Helanne het hulle tussen 'n snaakse storie en 'n gruwelverhaal laat kies, en die kinders (almal in Graad R en Graad 1) het 'n gruwelverhaal gekies. Hulle het die storie in Afrikaans vertel, en Helanne het dit vir hulle neergeskryf.

Hier is die storie in Afrikaans en ook 'n vertaling daarvan in Engels.

The ghost of Sutherland

By Die Sterlopers Reading Club

There was a ghost called Janga who lived in the bushes around Sutherland. At night he scared the children and during the day he slept in the bushes outside the town.

The people of Sutherland, especially the children, were very scared of him. When it was nice and hot outside, the children played outside later than usual and that's when Janga pounced on them.

He dragged them into his bush, where he braaied and ate them.

The children thought of a plan to catch Janga.

One evening they waited for him and caught him.

The children chopped off his head and arms, cooked his insides and ate it with some eggs.

Send us your writing and pictures!

You can post them to: The Nal'ibali Supplement, The Nal'ibali Trust, Suite 17-201, Building 17, Waverley Business Park, Wyecroft Road, Mowbray, 7700. Or email them to us at info@nalibali.org. Don't forget to include your full name, age and contact details so that we can contact you.

Stuur jou skryfwerk en prente vir ons!

Jy kan dit pos aan: Die Nal'ibali-bylae, Die Nal'ibali Trust, Suite 17-201, Gebou 17, Waverley-besigheidspark, Wyecroft-weg, Mowbray, 7700. Of stuur dit per e-pos aan ons by info@nalibali.org. Moenie vergeet om jou volle naam, ouderdom en kontakbesonderhede in te sluit nie sodat ons jou kan kontak.




Create TWO cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. The sheet with pages 5, 6, 11 and 12 on it makes up one book. The sheet with pages 7, 8, 9 and 10 on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again along the green dotted line.
 - c) Cut along the red dotted lines.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye 5, 6, 11 en 12 daarop, maak een boek. Die vel met bladsye 7, 8, 9 en 10 daarop, maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hieronder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
 - c) Knip uit op die rooi stippellyne.



Drive your imagination



Die krokodil rol sy oë stadig, en sê dan met 'n diep, dremstem: "Ja, wat kan ek vir jou doen, jou parmantige klein kaland?"

Toe Haruki by die rand van die water kom, skree hy dapper: "Ahooi, Koning van die Krokodille! Kom uit die water uit! Die Koning van die Hase wil met jou praat!" Haruki se vriende bibber en snak na hulle asems toe 'n groot, grimnikende krokodil sy kragtige lyf op die sand uitsleep. Hulle het nog nooit enigiets so skrikwekkends gesien nie.

When Haruki reached the edge of the water, he shouted boldly, "Hey, King of the Crocodiles! Come out of the water! The King of the Hares wants to talk to you!" Haruki's friends shivered and gasped as a huge grinning crocodile pulled its powerful body out onto the sand. They had never seen anything so terrifying.

The crocodile rolled its eyes slowly, then said in a deep, rumbling voice, "Yes, what can I do for you, you cheeky little creature?"

Haruki's tail Haruki se stert



Joanne Bloch
Samantha van Riet



The hares can't reach the mainland because the beautiful island they live on, is cut off from it by a river filled with hordes of hungry crocodiles. The hares are perfectly happy though – until cheeky Haruki decides it's time to leave the island in search of a more adventurous life. As a way to escape, he plays a clever trick on the King of the Crocodiles, and *almost* gets away in one piece!



Die hase kan nie die vasteland bereik nie, want die pragtige eiland waarop hulle woon, word van die vasteland afgesny deur 'n rivier vol dosyne honger krokodille. Maar die hase is heeltal tevrede – totdat die parmantige Haruki besluit dit is tyd om die eiland te verlaat op soek na 'n meer opwindende lewe. Om te ontsnap, vang hy die Koning van die Krokodille met 'n slim slenter, en ontsnap *byna* in een stuk!

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your
imagination




One day, an especially frisky young hare called Haruki suddenly had a brilliant idea.

“Guess what?” he boasted to his friends. “Today I’m going to escape to the mainland!” None of his friends believed him, but Haruki didn’t care. “Watch me!” he said, bouncing over to the sandy bank of the river.

Op ’n dag kry ’n besonder baldadige jong hasie, Haruki, skielik ’n briljante idee.

“Raai wat?” spog hy by sy vriende. “Vandag gaan ek na die vasteland ontsnap!” Nie een van sy vriende glo hom nie, maar Haruki gee nie om nie. “Hou my dop!” sê hy, en bons oor na die sanderige wal van die rivier.



“Ninety eight! Ninety nine! One hundred!” Now there were no more crocodiles in front of Haruki – only the sandy bank of the mainland.


As he leapt off the back of the final crocodile, he let out a whoop of joy. “HA, HA! I TRICKED YOU!” he bragged as he flew through the air and landed on the sand. “You nasty crocodiles have just made a bridge for me to reach the mainland!”

When the last crocodile heard these words, he whipped his huge head around and bit off Haruki’s wagging tail with a loud *SNAP!* Haruki squeaked with fright, but carried on bouncing all the way up the bank. He didn’t really care that he had lost his tail because he had gained his freedom. And to this day, hares have short, stubby tails, just like Haruki!

“Agt-en-negentig! Nege-en-negentig! Eenhonderd!” tel Haruki. Nou is daar nie meer krokodille voor Haruki nie – net die sanderige wal van die vasteland.

Toe hy van die laaste krokodil se rug af spring, skree hy van vreugde. “HA, HA! EK HET JULLE GEFOP!” spog hy terwyl hy deur die lug trek en op die sand te lande kom. “Julle nare krokodille het so pas vir my ’n brug gemaak om by die vasteland te kom!”

Toe die laaste krokodil hierdie woorde hoor, swaai hy sy groot kop om en byt Haruki se waaiende stert met ’n harde *HAP* morsaf! Haruki gil van vrees, maar hop gou teen die wal uit. Hy gee nie regtig om dat hy sy stert verloor het nie, want hy het sy vryheid gewen. En tot vandag toe het hase kort, stomp stertjies, net soos Haruki.



“Wow, it’s like one big party,” Kopano and Rea say.
 “Maybe your gift sings a loud song,” Mama says smiling.
 “Mhmm, we love loud songs,” the girls say.
 “Sjoe, dis soos een groot partytjie,” sê Kopano en Rea.
 “Dalk sing julle geskenk hard,” sê Mamma met ’n glimlag.
 “Mhmm, ons hou baie van harde musiek,” sê die meisies.



Lots more free books at bookdash.org

Nal’ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal’ibali is ’n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil ’n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi




“Look,” Rea says to Kopano, “traditional clothes!”
 “Mhmm, do you think Auntie Boi bought us traditional clothes?” Kopano asks.
 “Kyk,” sê Rea vir Kopano, “tradisionele klere!”
 “Mhmm, dink jy Tannie Boi het vir ons tradisionele klere gekoop?” vra Kopano.

Auntie Boi’s gift


Tannie Boi se geskenk

Baeletsi Tsatsi
 Ndumiso Nyoni
 Bianca Wiesner






“Look,” Kopano says to Rea, “so many fruits
and vegetables.”
“Mhmm, do you think our gift tastes yummy?”
Rea asks Kopano.
“Kyk,” sê Kopano vir Rea, “so baie vrugte
en groente.”
“Mhmm, dink jy ons geskenk gaan ook lekker
smaak?” vra Rea vir Kopano.



Kopano and Rea are going to town for the first
time ever!



“We are here!” Mama says.
“Hier is ons!” sê Mama.



Mamma neem ’n foto van die meisies en stuur dit
vir Tannie Boi.

“Kyk,” sê Rea vir Kopano, “so baie hoë geboue.”
“Mhmm, dink jy ons geskenk is ook hoog, Rea?” vra Kopano.



“Look,” Rea says to Kopano, “so many tall buildings.”
“Mhmm, do you think our gift is tall too, Rea?” Kopano asks.

Kopano en Rea gaan vir die eerste keer ooit dorp toe!


“En ek dink ook nie dit is tradisionele klere nie,” sê Rea.
Kopano skud die boks. “Dit maak nie ’n harde geluid soos die luidspreekers waarby ons verbygery het nie.”
“Nee,” sê Kopano.
“Dink jy dit smaak lekker soos die vrugte en groente wat ons gesien het?” vra Rea.
“Nee,” sê Kopano.
“Dink jy dit is hoog soos die geboue wat ons gesien het?” vra Rea.
“And I don’t think it’s traditional clothes either,” Rea says.
Kopano shakes the box. “It doesn’t make a loud noise like the speakers we passed.”
“No,” Kopano says.



“Do you think it’s tall like the buildings we saw?” Rea asks.
“No,” Kopano says.
“Do you think it tastes yummy like the fruit and veg we saw?” Rea asks.

Mama takes a picture of the girls and sends it to Auntie Boi.






“The Nelson Mandela Bridge leads us into town,”
Mama says.

“Mhmm, Nelson Mandela Bridge,” Kopano says.

“Die Nelson Mandela-brug neem ons tot in die dorp,”
sê Mamma.

“Mhmm, Nelson Mandela-brug,” sê Kopano.



Kopano and Rea sit down right there on the floor
of the post office and open the box.


Kopano en Rea gaan sit net daar op die vloer van
die poskantoor en maak die boks oop.



“Remember to fasten your
seatbelts,” Mama says.


“Auntie Boi has sent you
girls a gift and we’re
going to collect it at the
big post office in town.”

“We can’t wait to see the
gift, Mama,” the girls say, and
off they go.



“Onthou om julle sitplekgordels vas
te maak,” sê Mamma. “Tannie
Boi het vir julle meisies ’n
geskenk gestuur en ons gaan
dit by die groot poskantoor
op die dorp afhaal.”

“Ons kan nie wag om die
geskenk te sien nie, Mamma,”
sê die meisies, en weg is hulle.



“Those are Maasai dolls,” Mama says to the girls.

“Maasai dolls from Kenya,” Kopano says.

“We love these dolls!” Rea says.

“Dit is Maasai-poppe,” sê Mamma vir die meisies.

“Maasai-poppe van Kenia,” sê Kopano.

“Ons hou baie van hierdie poppe!” sê Rea.

“Goeie idee,” se hy sag, en lek stadig met sy tong oor sy skerpe geel tande. Toe draai hy om en waggetel terug rivier toe. Sommer gou woel en bruis die water toe in lang ryte tel.

Die krokodil kan skaars sy geluk glo. Hy dink net aan die heerlike fees wat hy gaan hê wanneer dit sy beurt is om

koninkryk het.”

al die hase tel. Dan sal ons sien wie van ons die magtigste vergelyk. Eers wil ek al jou krokodille tel, en dan kan jy dis tyd dat ons as konings ons koninkryke met mekaar

“Wel,” se Haruki dapper, en lyk glad nie bang nie, “ek dink

behind him in the river.

churning, as a long row of crocodiles began lining up waddled back into the river. Soon the water was over his yellow, pointed teeth. Then he turned and “Good idea,” he said softly, running his tongue slowly

it was his turn to do the counting.

imagined the delicious feast he would have as soon as The crocodile king could hardly believe his luck. He

us has the mightiest kingdom.”

count all the hares. Then we will be able to see which of First I will count all the crocodiles, and then you can “I think it’s time for us kings to compare our kingdoms.

“Well,” said Haruki boldly, not looking at all frightened,



Long, long ago, hares had beautiful, long, fluffy white tails which they wagged whenever they felt happy or excited. At that time, all the hares lived on an island, separated from the mainland by a wide, foaming river. Though the hares knew how to swim, they could never reach the mainland, because in this river lived dozens and dozens of big, green, hungry crocodiles. These crocodiles loved nothing more than delicious hare for breakfast, lunch and supper. So every day all the mother hares told their little ones, “KEEP AWAY from the sandy banks! KEEP AWAY from the water! KEEP AWAY from those terrifying, hungry crocodiles!”

Lank, lank gelede het hase lang, wollerige wit sterte gehad wat hulle gewaai het wanneer hulle gelukkig of opgewonde was. In hierdie tyd het al die hase op ’n eiland gewoon, wat van die vasteland afgesny was deur ’n breë, skuimende rivier. Al kon die hase swem, kon hulle nooit by die vasteland uitkom nie, want in die rivier het ’n hele klomp groot, groen, honger krokodille gewoon. Hierdie krokodille se gunstelingkos was haasvleis vir ontbyt, haasvleis vir middagete en haasvleis vir aandete. Elke dag het al die mamma hase vir hulle kleintjies gesê: “BLY WEG van die sanderige wal! BLY WEG van die water! BLY WEG van daardie verskriklike, honger krokodille!”





As long as the little hares listened to their mothers, they led perfectly happy lives, hopping about under the trees and gobbling the grasses and flowers that grew all around them. But when the hares grew bigger, some of them longed for a life of adventure.

“It must be so exciting on the mainland!” they said to each other. “There must be wonderful things to eat there, and lots and lots of interesting animals to play with. It’s not fair that we can’t go there!”

Solank die klein hasies na hulle mammas geluister het, was hulle salig gelukkig. Hulle het onder die bome rondgehop en die gras en blomme geëet wat daar gegroei het. Maar toe die hase groter word, smag sommige van hulle na 'n lewe vol avontuur.

“Dit moet so opwindend op die vasteland wees!” sê hulle vir mekaar. “Daar moet wonderlike dinge wees om te eet, en baie, baie interessante diere om mee te speel. Dit is nie regverdig dat ons nie soontoe kan gaan nie!”



“Hier gaan ek!” sê Haruki, en grinnik vir sy vriende. Hy spring op die rug van die eerste krokodil, en waai sy stert toe hy begin tel. Sy vriende is stom van verbasing toe hulle sien wat hy doen. “Een! Twee! Drie!” tel hy hardop, en spring van die rug van een steekeltige krokodil na die volgende. “Vier! Vyf! Ses! Sewe!” gaan hy voort, en waai sy lang, wit stert wild terwyl hy nader en nader aan die vasteland kom.

Na tien minute kan sy vriende nog net 'n klein wit spikkeltjie in die verte sien spring.

“Here I go!” said Haruki, grinning at his friends. He bounded onto the back of the first crocodile, wagging his tail as he began to count. His friends gasped in amazement as they saw what he was doing. “One! Two! Three!” he counted loudly, leaping from one spiny crocodile back to the next. “Four! Five! Six! Seven!” he carried on, wagging his long, white tail wildly as he jumped closer and closer to the mainland.

After ten minutes, his friends could only see a little speck, shouting and jumping in the distance.



Get story active!

Here are some activities for you to try. They are based on all the stories in this edition of the Nal'ibali Supplement: *Haruki's tail* (pages 5, 6, 11 and 12), *Auntie Boi's gift* (pages 7 to 10) and *Vusi and Sinazo* (page 14).



Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar aktiwiteite wat julle kan probeer. Dit is op die volgende stories in hierdie uitgawe van die Nal'ibali-bylae gebaseer: *Haruki se stert* (bladsye 5, 6, 11 en 12), *Tannie Boi se geskenk* (bladsye 7 tot 10) en *Vusi en Sinazo* (bladsy 15).


Auntie Boi's gift

★ Follow the instructions to make your own doll.

1. Draw a large circle on a sheet of A4 or A3 paper and then cut it out. (You can draw around a large pot lid to create a circle.)
2. Find the middle of the circle by folding it in half, and then in half again. Open out your circle and draw a dot in the middle of it.
3. Draw a triangular shape and then cut this out. Keep it.
4. Decorate one side of your circle shape to make your doll's clothes.
5. Fold it into a cone shape and glue the ends.
6. Cut a "head" out of the triangular shape you kept and draw a face and hair on it.
7. Glue the head onto your doll's body to complete it.

★ Write the SMS or WhatsApp conversation that Mama might have had with Auntie Boi when she sent her the photograph of the girls with their gifts.

★ Go to the library and/or use the internet to find out more about Kenya.



Tannie Boi se geskenk

★ Volg die instruksies om jou eie pop te maak.

1. Teken 'n groot sirkel op 'n vel A4- of A3-papier en knip dit dan uit. (Jy kan 'n groot potdeksel natrek om 'n groot sirkel te maak.)
2. Vind die middel van die sirkel deur dit in die helfte te vou, en dan weer in die helfte. Vou jou sirkel oop en maak 'n kolletjie in die middel daarvan.
3. Teken 'n driehoekvorm en knip dit uit. Hou dit eenkant.
4. Versier een kant van jou sirkelvorm om jou pop se kleres te maak.
5. Vou dit in 'n keëlvorm en plak die rande aan mekaar vas.
6. Knip 'n "kop" uit die driehoekvorm wat jy gehou het en teken 'n gesig en hare daarop.
7. Plak die kop op jou pop se lyf vas om dit te voltooi.

★ Skryf die SMS- of WhatsApp-gesprek neer wat Mama waarskynlik met tannie Boi gehad het toe sy vir haar 'n foto van die meisies met hul geskenke gestuur het.

★ Gaan na die biblioteek en/of gebruik die internet om meer oor Kenia uit te vind.



Haruki's tail

With your children, draw pictures of Haruki and the crocodile he speaks to. Colour them in and attach them to long sticks to make puppets. Now retell the story together in your own way using the puppets.



Haruki se stert

Teken saam met jou kinders prente van Haruki en die krokodil met wie hy praat. Kleur die prente in en plak hulle op lang stokkies vas om handpoppe te maak. Vertel nou die storie op julle eie manier oor deur die poppe te gebruik.

Vusi and Sinazo

★ Do your children have a pet? Or, do they wish they had a pet? Invite them to draw a picture of themselves with their pet and to write something about what makes this pet special below their picture.

★ In small groups, create a TV news show on how Domino and Fluffy saved Granny's vegetables. Let the news presenter read a short report on the evening news and then let a reporter interview some of the characters from the story to find out more about what happened.

Vusi en Sinazo

★ Het jou kinders troeteldiere? Of wens hulle hulle troeteldiere gehad? Nooi hulle om 'n prent van hulself met hul troeteldier te teken en onder hul prent iets te skryf oor wat hierdie troeteldier spesiaal maak.

★ Skep in klein groepe 'n TV-nuusprogram oor hoe Domino en Fluffy gehelp het om Ouma se groente te red. Laat die nuusleser 'n kort verslag oor die aandnuus lees en laat 'n verslaggewer dan onderhoude voer met sommige van die karakters in die storie om meer uit te vind oor wat gebeur het.



Drive your imagination



Vusi and Sinazo

By Helen Brain ■ Illustrations by Jiggs Snaddon-Wood



Vusi loved his dog, Domino. Domino was white with three black spots on his back. Vusi's little sister, Sinazo, loved her cat, Fluffy. Fluffy was black with three white spots on her tummy.

"My dog is better than your cat," said Vusi one Sunday morning as the children were having breakfast. "Domino doesn't scratch me, or drink my milk and he never walks on my schoolbooks with muddy paws."

"Domino is very naughty," said Granny. "When you tell him to sit, he jumps around. When you tell him to jump, he sits down, and when you sit down, he jumps up and licks your face!"

"My cat is better than your dog," said Sinazo. "Fluffy does not lick my face nor steal my ice cream. Fluffy doesn't make a mess in the yard and she never barks."



"No need to fight," Granny told Vusi and Sinazo. "Now finish your breakfast and put Domino and Fluffy in the yard. Then wash your face, brush your teeth, comb your hair and put on your clothes for church."

Vusi took Domino into the yard. "Stay here," he said. Vusi ran back inside, but he forgot to shut the kitchen door. Domino followed him right back inside and quickly hid under Vusi's bed.

Sinazo took Fluffy into the yard. "Stay here," she said. Sinazo ran back inside, but she forgot to shut the bedroom window. Fluffy went right back inside. She jumped on top of the wardrobe and went to sleep.

The children washed their faces, brushed their teeth and combed their hair. Then they went into their bedroom to get dressed.

Sinazo was trying to reach her dress in the wardrobe. "Woof, woof, this is fun," barked Domino. He jumped up and licked Sinazo with his long red tongue.

"Go away, Domino!" she shouted.

Fluffy woke up. She looked over the edge of the wardrobe and saw Domino jumping on Sinazo. "Ssssss!" she hissed. "Get off her, or I will scratch you."

Just then Granny came marching down the passage. She was wearing her best dress, her smart shoes and her favourite hat. "What is going on in here?" she asked sternly, opening the door. "It is almost time to leave."

At that exact moment Fluffy leaped off the wardrobe and landed on Granny's head. And at that exact moment Domino tried to jump onto the wardrobe, but instead landed on Granny, knocking her over.

Granny was very cross. "You children won't be getting any chocolate after church today. Now put the animals in the yard and let's go to church," she said.

The children shut the animals in the yard and off they went to church. Domino went to sleep in the sun, but Fluffy climbed onto the roof of the house so that she could see far and wide. Suddenly she heard a soft, squeaky noise. Someone was trying to open the gate into Granny's vegetable garden! Fluffy looked over the edge of the roof and saw a bad man stealing Granny's mealies!

"Hooooowwwatcha!" Fluffy screeched, jumping right onto the man's head.


"Get off!" screamed the thief.

The noise woke up Domino. He came bounding around the corner. "Woof! Woof! Get out!" he barked.

"Get away from me!" yelled the thief. He jumped over the fence, but Domino was waiting for him. Domino grabbed the thief's trousers. He pulled and pulled, and growled and growled, and shook and shook. The thief was terrified.

"Let go!" he screamed, but then, *RRRRRRRRPPPP!* The thief's trousers tore right off. He ran away – up the hill, past the church and all the way home.

Just then Vusi, Sinazo and Granny came out of church. They laughed when they saw a man running by with no trousers on. Then they saw Domino running after him with the man's trousers in his teeth.



"You are both very good animals," said Granny when they got home. "You saved my vegetables from that thief."

"Does that mean we get chocolate after all?" asked Vusi.

"Yes," said Granny. She bought them each a bar of peppermint chocolate. Then she bought a juicy bone for Domino and a tin of tasty fish for Fluffy.

The thief was so shy because everyone had seen him without his trousers on that he ran away to another town, and was never seen again.



Vusi en Sinazo

Deur Helen Brain ■ Illustrasies deur Jiggs Snaddon-Wood



Vusi is lief vir sy hond, Domino. Domino is wit met drie swart vlekke op sy rug. Vusi se jonger sussie, Sinazo, is lief vir haar kat, Fluffy. Fluffy is swart met drie wit vlekke op haar maag.

"My hond is beter as jou kat," sê Vusi een Sondagoggend terwyl hulle ontbyt eet. "Domino krap my nie, drink nie my melk nie en loop nooit met sy modderpote oor my skoolboeke nie."

"Domino is baie stout," sê Ouma. "Hy luister nooit nie. Wanneer 'n mens vir hom sê om te sit, spring hy rond. Wanneer 'n mens vir hom sê om te spring, sit hy, en wanneer jy gaan sit, spring hy op en lek 'n mens se gesig!"

"My kat is beter as jou hond," sê Sinazo. "Fluffy lek nie my gesig nie en steel ook nie my roomys nie. Fluffy mors nie in die erf nie, en sy blaf nooit nie."



"Dis nie nodig om te baklei nie," sê Ouma vir Vusi en Sinazo. "Eet nou julle ontbyt klaar en gaan maak vir Domino en Fluffy in die agterplaas toe. "Gaan was dan julle gesigte, borsel julle tande, kam julle hare en trek julle kerkklere aan."

Vusi gaan maak vir Domino in die agterplaas toe. "Bly hier," sê hy. Vusi hardloop binnetoe, maar hy vergeet om die kombuisdeur toe te maak. Domino hardloop agterna en gaan kruip onder Vusi se bed weg.

Sinazo gaan maak vir Fluffy in die agterplaas toe. "Bly hier," sê sy. Sinazo hardloop binnetoe, maar sy vergeet om die slaapkamervenster toe te maak. Fluffy spring dadelik deur die venster. Sy spring bo-op die klerekas en raak aan die slaap.

Die kinders was hulle gesigte, borsel hulle tande en kam hulle hare. Toe gaan hulle na hul slaapkamer om aan te trek.

Sinazo staan op haar tone om haar kerkrok in die kas te probeer bykom. "Woef, woef, dis pret," blaf Domino. Hy spring op en lek vir Sinazo met sy lang rooi tong.

"Gaan weg, Domino!" skree sy.

Fluffy word wakker. Sy loer oor die rand van die kas en sien hoe Domino teen Sinazo opspring. "Ssssss!" sis sy. "Los haar uit, of ek krap jou."

Net toe kom Ouma in die gang afgestap. Sy het haar beste rok, haar netjiese skoene en haar gunstelinghoed aan. "Wat gaan hier aan?" vra sy kwaai, en maak die deur oop. "Dis amper tyd om te gaan."

Op daardie presiese oomblik spring Fluffy van die kas af en land bo-op Ouma se kop. En op daardie presiese oomblik probeer Domino op die kas spring, maar hy beland op Ouma en stamp haar om.

Ouma is baie kwaad. "Julle kry nie vandag na kerk 'n sjokolade nie. Gaan maak nou die diere in die agterplaas toe sodat ons kan kerk toe gaan," sê sy.

Die kinders maak die diere in die agterplaas toe en hulle gaan kerk toe. Domino gaan lê en slaap in die son, maar Fluffy klim op die huis se dak sodat sy ver en wyd kan sien. Skielik hoor sy 'n sagte piepgeluid. Iemand is besig om die hek na Ouma se groentetuin oop te maak! Fluffy loer oor die rand van die dak en sien 'n nare man wat Ouma se mielies steel.

"Hooooowwwaa!" skreeu Fluffy, en spring op die man se kop.


"Klim af!" skreeu die dief.

Die lawaai maak Domino wakker. Hy kom om die hoek van die huis gehardloop. "Woef! Woef! Woef! Gaan weg!" blaf hy.

"Bly weg van my af!" gil die dief. Hy spring oor die heining, maar Domino wag hom in. Domino gryp die dief aan sy broek. Hy trek en trek, en grom en grom, en skud en skud. Die dief is vreesbevange.

"Los my!" gil hy, maar toe, *SSSKKKEURRRR!* Die dief se broek skeur heeltemal af. Hy hardloop weg – met die bult op, verby die kerk, en heelpad huis toe.

Net toe kom Vusi, Sinazo en Ouma uit die kerk uit. Hulle lag toe hulle 'n man sonder 'n broek by hulle sien verbyhardloop. Toe sien hulle Domino wat agter hom aanhardloop met die man se broek in sy bek.



"Julle is albei baie goeie diere," sê Ouma toe hulle by die huis kom. "Julle het my groente teen daardie dief beskerm."


"Beteken dit ons gaan tog sjokolade kry?" vra Vusi.

"Ja," sê Ouma. Sy neem hulle winkel toe en koop vir elkeen 'n groot pepermentsjokolade. Toe koop sy vir Domino 'n lekker vleisbeen en 'n blikkie vis vir Fluffy.

Die dief was so skaam omdat almal hom sonder sy broek gesien het, dat hy weggehardloop het na 'n ander dorp toe, en hy is nooit weer gesien nie.

Nal'ibali fun

Here is a special Africa Day version of the popular game, bingo, for you to enjoy! Follow the instructions below to play it on your own or with others.



You will need:

- the bingo questions
- a copy of the bingo grid
- a pen or pencil

On your own

- Use a stopwatch as a timer. (Most cellphones have a stopwatch.)
- Time yourself to see how quickly you can answer all the questions. Choose the answers from the box and write them in the correct blocks on the grid.
- Once you have finished, check your answers with the ones on page 2 to see how many you got right!

In a group

- Work with a partner.
- Together answer all the questions. Choose the answers from the box and write them in the correct blocks on the grid.
- As each pair finishes, they shout out, "Bingo!"
- Once everyone has finished, swap with another pair and check the answers with the ones on page 2 to see how many are right! Shout out, "Bingo!" if all the answers you were checking are correct.

Nal'ibali-pret

Hier is 'n spesiale Afrika-dag-weergawe van die gewilde speletjie, bingo, vir jou om te geniet! Volg die instruksies hieronder om dit op jou eie of saam met ander te speel.

Jy benodig:

- die bingo-vrae
- 'n afskrif van die bingo-rooster
- 'n pen of potlood

Op jou eie

- Gebruik 'n stophorlosie om tyd te hou. (Die meeste selfone het 'n stophorlosie.)
- Hou tyd om te kyk hoe vinnig jy al die vrae kan beantwoord. Kies die antwoorde uit die kassie en skryf elkeen in die korrekte blokkies op die rooster neer.
- Sodra jy klaar is, kontroleer jou antwoorde teen dié op bladsy 2 om te kyk hoeveel jy reg het!

In 'n groep

- Werk saam met 'n maat.
- Beantwoord al die vrae saam. Kies die antwoorde uit die kassie en skryf elkeen in die korrekte blokkies op die rooster neer.
- Sodra elk paar klaarmaak, skree hulle: "Bingo!"
- Wanneer almal klaar is, ruil met 'n ander paar uit en kontroleer die antwoorde teen dié op bladsy 2 om te kyk hoeveel reg is! Skree: "Bingo!" indien al die antwoorde wat julle nagegaan het, korrek is.

Questions

- How many countries are there in Africa?
- Which country has the largest land area?
- Which country has the most people living in it?
- How many different languages are spoken across Africa?
- What is the highest mountain in Africa?
- What is the longest river in Africa?
- What is Africa's newest country?
- What is the biggest desert in Africa?
- What is Africa's largest land animal?
- How many years ago did people in Africa first write books?
- In which country was the world's first heart transplant done?
- What is the name of the biggest waterfall in Africa?
- Which country still uses the world's oldest and longest alphabet?
- What is Africa's tallest animal?
- Which country in Africa has one of the oldest universities in the world?



Vrae

- Hoeveel land is daar in Afrika?
- Watter land het die grootste landoppervlak?
- In watter Afrika-land woon die meeste mense?
- Hoeveel verskillende tale word in Afrika gepraat?
- Wat is die hoogste berg in Afrika?
- Wat is die langste rivier in Afrika?
- Watter land is die nuutste land in Afrika?
- Wat is die grootste woestyn in Afrika?
- Wat is Afrika se grootste landdier?
- Hoeveel jaar gelede het die mense in Afrika vir die eerste keer boeke geskryf?
- In watter land is die wêreld se eerste hartoorplanting gedoen?
- Wat is die naam van die grootste waterval in Afrika?
- Watter land gebruik steeds die wêreld se oudste en langste alfabet?
- Wat is die langste dier in Afrika?
- Watter land in Afrika het een van die oudste universiteite in die wêreld?

1.	2.	3.	4.	5.
6.	7.	8.	9.	10.
11.	12.	13.	14.	15.

Choose from these answers:

- | | | | |
|-------------|-------------|---------|----------------|
| About 2 000 | Elephant | Mali | South Africa |
| 800 | Ethiopia | Nigeria | South Sudan |
| 55 | Giraffe | Nile | Victoria Falls |
| Algeria | Kilimanjaro | Sahara | |

Kies uit hierdie antwoorde:

- | | | | |
|----------------|--------------|---------|-------------------|
| Ongeveer 2 000 | Ethiopië | Nigerië | Suid-Afrika |
| 800 | Kameelperd | Nyl | Suid-Soedan |
| 55 | Kilimandjaro | Olifant | Victoria-waterval |
| Algerië | Mali | Sahara | |

Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us by calling our call centre on 02 11 80 40 80, or in any of these ways:

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Skakel ons inbelsentrum by 02 11 80 40 80, of kontak ons op een van die volgende maniere:

- www.nalibali.org www.nalibali.mobi [nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://twitter.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA) info@nalibali.org

Produced by The Nal'ibali Trust and Tiso Blackstar Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

Sowetan
IN THE KNOW ON THE MOVE.



Drive your
imagination

